



MY AFRIKAANSE STUDIETUISTE

REDAKTEURSBRIEF

Deur Abia Stander

LIEWE LESERS

h Mens sou dink dat hierdie jaareinde-skok mettertyd sal verminder, aangesien dit h mens jaarliks beekry. Toe nou nie. (Ons mense is darem maar vreemd.) Skok en oorveldiging was wel h deurlopende tema hierdie jaar. As PFE-student, moet ek aandag gee aan die nuus en dit was hierdie jaar nie altyd lekker nie.

Die moeilikste van alles, vir my, was om die verdeeldheid rondom die pandemie te sien. Dit is so vreemd. Hipoteties gesproke behoort ons rasioneel bewyse te kan opweeg en steeds verhoudings te kan behou te midde daarvan. Dit was egter nie altyd die geval nie. Met die internet leef ons indirek wat die nuus betref. Alles word eers deur abstrakte sisteme gefiltreer, wat dit moeilik maak om te voel dat h mens toegang het tot h tasbare werklikheid. Om hierdie alternatiewe digitale werklikhede almal op hulle regte plekke te sit, is ook moeilik. h Mens voel naderhand soos die Prediker: sinloos, sinloos, sinloos ...

h Wyse oom het so h paar jaar gelede vir my gesê dat daar wysheid is in stadigheid en gereeldheid. Ek het hierdie jaar besef hoe nodig dit is om stadig, reflektief en direk te lewe. Om getrou te wees in die klein dinge. Om vriende te bel en nie net te whatsapp nie (ek is in elk geval h slegte whatsapper). Om oogkontak te maak en die tannie by die kasregister te groet. Om net soveel aandag te gee aan die meer tydsame boeklees as die vlugtige nuus-lees, want hoewel dinge vinnig verander, is daar ook eintlik niks nuuts onder die son nie.

So, in my laaste brief aan julle as redakteur van die studentenuusbrieff, wil ek julle graag uitdaag om, in die woorde van Thoreau, "diep [te] lewe en al die murg uit die lewe uit [te] suig". Bel jou ouma en sê vir haar sy is kosbaar, maak h interessante nuwe gereg, en soos wat ons nou in eksamentyd inbeweeg – onthou om jou leerwerk h werk te gee in die werklikheid, om dit toe te pas, sodat jou talente nie begrawe word nie.

Carpe diem, lesers!

Groete
ABIA



SR-NUUS



ONTMOET DIE NUWE SR!

Die Akademia-pionierspan is op 27 September 2021 tydens h spoggeleentheid by die Centurion-kampus ingehuldig. Klik [hier](#) om meer te lees oor die nuwe SR.



GROET LINDY STEYN, SR-VOORSITTER 2021

h Brief vanaf die SR-voorsitter 2021.

Klik [hier](#) om meer te lees.



DIE RUS IS ELDERS: WIE WAS TOTIUS?

Met die "Die Rus is Elders"-opvoering wat nou onlangs vir Totius gehuldig het, het ons dit goedgevind om ook bietjie agtergrond te bied.

Klik [hier](#) om meer te lees.

Verwys h voornemende
student om aan

**AKADEMIA
TE STUDEER**

en word met **R250** beloon!

Klik [hier](#)



KENNERS PRAAT

#KENNERSPRAAT 'N HOND UIT 'N BOS UIT!

Het jy al na die nuwe Akademia-podsendings geluister? Dit is uitstekend!

In #KennersPraat, gesels Akademia-dosent Rika Nieuwoudt met h kenner uit Akademia self oor onderwerpe soos die politiek, die ekonomie en huidige gebeure.

KLIK [HIER](#) OM TE LUISTER.

ANDER STUDENTESTUKKE



Watter soort student is jy?


Die eksamen is om die draai, so om jou eksamenvorbereiding h bietjie meer prettig te maak, het die redaksiespan dit goedgevind om h aanlyn vraelys op te stel.

Klik [hier](#) om dit te voltooi.



Studiewenke vir die studentesoort

Nadat jy die studentesoort-vraelys" voltooi het, lees [hier](#) h paar interessante studiewenke.



#Eksamengereed: Raak eksamenstres, angstigheid en depressie so baas

Ervaar jy ook verhoogde stresvlakke, angstigheid en selfs depressie wanneer die eksamen voor die deur staan? Indien dit met jou gebeur, is hierdie artikel vir jou.

Klik [hier](#) om meer te lees.



Studenteresepie

Marizaan, die studentenuusbrieff se resepteghoeroe, voel dit is baie belangrik dat elke student weet hoe om h goeie witsous te maak.

Klik [hier](#) om haar wens te verwerklik.